

# *Die Sierduif* Oktober / October 2024

## *The Fancy Pigeon*



**Hein Hoffman en PB Marais toets medaljes vir egtheid**

**Ere-Presidente / Honorary Presidents**

**Mnr. Warren Klopper Mr. Clive Druce**

**Mr. Stewart Patterson Mnr. Wynand Wessels**

**Ds. Renier Lee Mnr. Pierre le Roux**

**Ds. Hennie Hattingh**

**Uitvoerende Komitee / Executive Committee**

**Nasionale / National President**

**Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Sel: 082 426 8703 E-pos: tiaandebruin0@gmail.com**

**Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)**

**Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com**

**Nasionale Sekretaris / National Secretary:**

**Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com**

**National Treasurer / Nasionale Tesourier:**

**Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie\_wessels@hotmail.com**

**National Ring Master / Nasionale Ringmeester:**

**Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,**

**E-pos: safpa.rings@telkomsa.net**

**Nasionale Redakteur / National Editor:**

**Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com**

**Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:**

**Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com**

**Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative**

**Huidiglik vakant**

**Streekverteenwoordigers / Region Representatives**

**Noord-van-die-Vaal: Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,**

**E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za**

**Vrystaat: Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,**

**E-pos: plakkers@wol.co.za**

**Wes Kaap: Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960**

**E-pos: thehaircorporation12@gmail.com**

**Noord-Vrystaat: Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,**

**E-pos: pietodendaal01@gmail.com**

**Oostelik Streek: At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,**

**E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com**

**Noord Kaap: Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,**

**E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com**

**Oostelike Provinsie: Johan Botha, Posbus 604, Hunters Retreat, Gqeberha, 6017 Sel: 073 279 3562,**

**E-Pos: jarbotha.48@gmail.com**

**Suid Westelike Distrikte: Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400**

**E-pos Amuller@capekarooint.com**

**Wes-Transvaal: Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,**

**E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com**

**KwaZulu-Natal: Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,**

**E-Pos: duanesschwarz70.co.za**

Algemene inligting van die SASV	2	A035	-	Hennie Loots	10-Nov
Voorwoord - Arthur Muller	3	C023	-	Jannis Esterhuizen	12-Nov
Brunner 485/20 - Pieter Neethling	4	W026	-	Bertie Wessels	12-Nov
Leendert JNR presteer goed - Leendert Snyman	6	W038	-	Kitty Botes	12-Nov
SWD Streek Opedag - Arthur Muller	7	N026	-	Wayne Nicholson	17-Nov
NFS Jongduifskou - Ds Hennie Hattingh	9	C054	-	Jaco van Wyk	18-Nov
Brief vanaf SWD Streek - Mario Kapp	14	N056	-	Shane Pollock	19-Nov
Lihan vlieg hoog - Nicolene Geldenhuys	15	J002	-	Johan Nel	22-Nov
Scoreboard and Rules	16	B004	-	Nollie Oosthuizen	24-Nov
W071 - Koos Conradie	01-Nov	B022	-	Werner Schoombie	26-Nov
B067 - Pieter Duvenhage	02-Nov	K027	-	Pearl Strydom	26-Nov
K017 - Mubarak Dawood Vaja	04-Nov	H063	-	Pieter Neethling	27-Nov
D022 - Hein Hoffman	07-Nov	B059	-	Chris Engelbrecht	28-Nov
K045 - Lionel Phillips	07-Nov	B024	-	Willie van Zyl	28-Nov
H080 - At Nigrini	08-Nov				
D040 - Frik Butler	09-Nov				



## Voorwoord

**Arthur Muller**  
**President - SWD Streek**

Middag aan almal hier uit SWD streek Oudtshoorn. Dit is my voorreg om hierdie maand die voorwoord vir die Sierduif te doen. Ek het eers geskrik en gedink hoe nou, waarvoor nou toe besef ek dit is mos iets wat uit die hart uit moet kom.

My kans gaan ek gebruik deur dankie te sê, dankie dat ek van kleins af blootstelling kon hê deur my oorlede oupa, Attie van Greunen, wat my eerste ledegeld betaal het as jong seun in 1990 al sy duiwe vriende, wat later my duiwe vriende geword het soos Oom Lol Stander, die Potgieters, die Viviers en die Neethlings, en ander regte vriende, regte mense.

Ek het ook vinnig geleer, maar daar moet leermeesters wees en ek noem hul ook by name, Oom Ken Garrod, Oom Barnard Steyn, Oom Piere Le Roux en Oom Wynand Wessels en ander, regte egte duiwe liefhebbers kenners van sierduif en vriende. Oom Wynand het my geleer van die 10

persent wat jy by jou huis moet doen voordat jy 'n duif in 'n skouhok sit en tot vandag glo ek dit maak 'n verskil, iets wat ons almal moet op let en tog is daar heelwat wat hul nie daaraan steur nie, later tot groot teleurstelling by skoue.

Baie van hierdie mense kon ek nie altyd dankie sê nie iets wat baie van ons dalk te min doen, daarom doen ek dit nou opreg al is baie nie meer met ons nie. In 1999 het my vroutjie bygekom en later my 2 kinders en as ek vandag terugkyk is ek dankbaar vir al my voorregte en ag ek myself as gelukkig en tevrede. In 2010 na 20 jaar lid van die SASV het ek my duiwe boerdery gestaak weens persoonlike redes, maar tog nou en dan op streekskoue kontak gehou en ook duiwe beoordeel.

As ek vandag terugkyk na 'n onderbreking van 15 jaar sonder duiwe kan ek nogal sê het ek my duiwe gemis, die mense gemis en is ek baie spyt oor my English Shortface Tumblers wat ek uit my hande laat glip het en die ras tans amper nie meer bestaan in ons land nie. Ek het ook Modenas en Grosse suksesvol geteel en geskou in 'n era van waar kompetisie sterk was.

In 2024 is ek weer lid van die SASV en dankbaar dat ek weer nuwe en ou vriende kan geniet. In my vraag wat wil ek uit my tweede duiwe lewe hê is dit om dit te geniet, om te teel, te help waar ek kan as dit moontlik is en om die rasse te bevorder, vriendskappe te bou en uitdagings aan te vat. Een

van hulle is om SWD streek weer aan die gang te kry, deel te wees van 'n positiewe bestuur en om weer te funksioneer. 'n Paar dinge speel ook in my kop af oor hoe die SASV kan voort bestaan, en dinge goed te doen en dieselfde op klub vlak en elke slag kom die antwoord na my doen die basiese dinge reg, die klein dingetjies in die lewe is wat saakmaak.

Ek en die res van die SWD bestuur het mekaar belowe dat ons hierdie klein dingetjies gaan reg doen en dan behoort dinge te gebeur en dat dit nie 'n eenmansaak is nie. Ons is positief, hardwerkend, vat weer die duiwe na die mense deur uitstalling en ook later laerskole. Dankie vir julle ook. Ons het reeds van 7 lede na 18 gestyg en hoop om dit oor tyd verder te verhoog. Aan Dr Labuschagne baie dankie dat Dr onwetend nou en dan die saadjie by my geplant het om weer Modenas te kan teel en nog meer Dr se hok oopgemaak het deur my met die bestes te help, iets wat nie elke dag gebeur nie. Jannie van den Heever dankie dat jy my vrou

Monia gehelp het met goeie Sjinese Uile. Deel van die strategie is om vrouens in die SWD ook te bemagtig deur hul telers en vertoners te maak en so die SASV se ledetal te verhoog en die sport saam te geniet.

Wat maal tans deur my kop as ek rustig is en dink oor die sport, dat daar 'n goeie verhouding tussen SASV en die NFPA bewerkstellig moet word ter wille van die duif en natuurlik die vraag, sal SWD weer in 'n posisie wees om 'n SA's te kan aanbied wat 'n lekker uitdaging.

Aan die SASV wil ek ook dankie sê dat julle vir ons 'n sisteem in plek sit om dit te gebruik, dat daar maandeliks 'n sierduif boekie is, dat ons skoue kan hou en ons stokperdjie te kan uitleef. Aan elke lid van die SASV kom ons sit skouer aan die wiel, ryk uit, word betrokke sodat ons, ons stokperdjie kan uitbrei vir nou en ons nageslag.

Groete uit Swd en geniet die broeiseisoen.

Eerste skou hoor ek is na Uppington. Vinnig kom die tyd nader en ons word versigtig gepak vir ons eerste skou. Hoor Pa is hoofbeoordelaar, so ons span gaan net saam vir "Brag".

Wat 'n lekker kuier, hoor daar is 'n man wat duiwe soek by Pa, wys die Brunners asseblief. Wonder watter susters, vriendinne of dogters gaan gaan. Ons is so 'n lekker klomp bymekaar, weet daar is Henne in die Henne Hok. Pa help graag soos ek hom ken. Hy sal hul net na goeie hokke laat gaan. Hoor dit is vir 'n jongman.

Terug by die huis en ons maak reg vir ons Jongduif/ Streekskou. Groot opgewondenheid in die werf. Almal hoor van wat gaan gebeur. Oom Pierre en Tannie Antoinette word vereer vir hul bydrae in die duiwe wêreld.

Ons Brunners doen goed in albei skoue. 'n Jong seun van my suster wen, Jongduif en Beste Brun-



**BRUNNER 485/20**

**Pieter Neethling**

Opgewonde is ek, almal word reggetrek vir die skouseisoen. Toonnaels geknip, bekke gevyl, voete gewas en ons blaasduiwe word afgerig.

Die Holly's staan in hul hokke. Ons Brunners staan apart en word afgerig in Loophokke, ons almal word vertel hoe mooi ons is, party kry 'n bietjie meer aandag, gesoen op ons kroppies en ja ons voel goed en gee ons beste.

ner en in albei Top 7's. Ek was nie op skou, want ek was deel van die SA's span.

Tyd vlieg en ons ry vir SA's 24. Ons word uitgepak en voorbereidings vir skou. Blomme word gedoen ter nagedagtenis van Oom Attie. Hoor die jongman is opgewonde vir die hennie wat hy gekry het. Die manne praat oor watter mooi duiwe die jongman ontvang het.

Skoudag kom nader en wat 'n ondervinding. Ons hok doen sooo goed. Beste Jong Mannetjie, Beste Ou Mannetjie en ek wen Beste Ou Wyfie en ek word in Finale geplaas vir Beste Brunner. Ek gee my alles. Blaas vol en loop op my tone. Ek het letterlik 'n knop in my krop van trots, trek my stert deur die hok en voel sooooo mooi.

Ek word as Kampioen deurgeneem na die Hoof Arena. Weereens bring ek my BESTE. Dit is my Oomblik, ek geniet dit. Trap daai loophok dat ek dit hoor kraak. Ek voel so goed. Oom Chris loop op en af. Uit die loophok weer in my skouhok.

Die Kampioen word aangekondig. 'n Jong Meneer, Die Beste Modena ons Kampioen duif op skou..... Ek hoor 2de Reserwe vir Kampioen.....Brunner Ek is stom, my grootste eer. Ek is 4 jaar oud en nou is dit my tyd... Al die afrig, dieet, medisyne en al die dinge.... Ek bly in die Arena, Pa is so opgewonde. Hy smile, knop in die keel en oë wat traan, weet hy is so trots en Love ons so baie, die tyd en geld wat opgeoffer word vir die liefde vir Sierduif.

Ek sien nog duiwe uit ons hok en is bly vir Pa.... Vir Prysuitdeling word ons afgedra vir die groot Prysuitdeling, ons Kampioene staan almal saam. Pa is siek en Ma ontvang al die pryse. Pa het ook die

## **Regstelling vanaf September 2024**

### **4. Sake uit die Notule**

#### **4.1 Onaktiewe Beoordelaars**

Uitsluitel vanaf UK soos volgens vorige notule besluit is dat die integriteit van die beoordelaar en van die streeks beoordelaarsbeampste in ag

Groot Kampioen se Ras Beoordeel en kry 'n Groot Trofee daarvoor.

Ons almal is so trots met al ons prestasies. So kom die laaste dag van skou. Laaste vergaderings en mense begin pak. Pa dra my terug na my skouhok, soen my en sit my terug tussen die ander duiwe. Almal wens my geluk en ons gesels oor al die wedervaringe in die week.

Skielik word daar afgekondig dat daar 'n duif weg is, almal is geskok en die grootste skok... een van ons hok se duiwe, Graham se duif is weg. Almal skarrel en probeer help om die Showracer te kry, maar tevergeefs.

Skielik is daar 'n hand in my hok. Vinnig word ek in 'n donker krat gedruk. Ek is bang, Pa Pieter sal my nooit so hanteer, hy sou my krop eers soen en my vertel hoe mooi ek is. My hart. Wat dan nou? Ek probeer roep, maar die krat lig en die voetstap wat ek hoor is nie bekend....

Ek verstaan nie, die Dominee het so mooi gepraat in die begin van die skou en nou???? nou weet ek nie, gedink dit is so 'n klomp eerbare mense. Predikante, onderwysers, 'n brandweerman, korrektiewe dienste manne, besigheidsmanne en ook afgetredes. So kan ek aangaan, maar hier is skelms tussen die mense.

My hart, my plek gaan leeg wees. Wie gaan Pa groet in die aand as hy verby my leë hok stap. Ek weet hy gaan my soek. Hoop iemand sal my kry. Jy wat my gevat het sal alleen weet.

### **Jy is 'n skelm...**

geneem moet word by die gebruik van 'n beoordelaar wat vir 'n tyd onaktief was. **Belangrik is wel dat die persoon ter sprake lid van die S.A.S.V. moet wees. Moet lees: Belangrik is wel dat die persoon ter sprake nie noodwendig lid van die S.A.S.V. moet wees nie.**



**Leendert (Jnr) se  
duiwe vlieg hoog**

**Leendert Sny-  
man (Snr)**

**GEMSBOK-UPINGTON:** Tydens die 75ste Suid Afrikaanse Kampioenskapskou van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV) op Bloemfontein het Leendert Snyman (6jaar oud) en sy Sierduiwe behoorlik opslae gemaak.

Hy het twee van sy sierduifrasse ten toon gestel in die junior (6 tot 18 jaar) afdeling en een ras in die senior (volwasse) afdeling. Die Junior afdeling is verteenwoordig deur ses junior vertoners, 10 sierduif rasse en 47 duiwe. Die senior afdeling is verteenwoordig deur 59 vertoners, 65 rasse en 1108 duiwe.

**Leendert het tydens die skou die volgende prestasie bereik:**

Leendert het 1 van sy Modenesers ook ingeskryf vir die SASV ringkompetisie waar telers 'n spesifieke ring koop en 'n duif met daardie ring vertoon ten tye van die SA's. Hier word nie onderskei tussen seniors en juniors nie. Leendert het die 2de beste duif in die ring kompetisie vertoon en 'n prysgeld van R800 gewen.

Leendert se Modeneser was by die Junior afdeling raswenner (beste in ras) sowel as een van sy Birmingham Rollers was 'n raswenner. Leendert het ook 5 Modenesers ingeskryf by die senior afdeling waar hy ook die Raswenner vertoon het. Nadat alle raswenners aangewys is, word daar vanuit die raswenner duiwe die 7 beste senior en 7 beste junior duiwe aangewys wat bekend staan as die Top7. Dit is dan as volg: Kampioen, 1ste Reserwe tot 6de Reserwe sowel as die beste jaaroud duif.

In die Top 7 is Leendert se Modeneser as 5de Reserwe Kampioen en sy Birmingham Roller as 1ste Reserwe Kampioen op skou in die Junior afdeling gekroon. Die Birmingham Roller is ook aangewys as die Beste jongduif op skou in die Junior afdeling. Maar Leendert se Raswenner Modeneser in die senior afdeling is dan as 6de Reserwe Kampioen in die Senior afdeling gekroon.

Vir Leendert se prestasie as junior tydens die SA's het hy dan ook die Goue Donsie trofee ontvang tydens die SASV Suid Afrikaanse Kampioenskapskou 2024.



**Junior Afdeling:**

1. Beste Junior Modeneser in ras
2. 5de Reserwe Kampioen Juniors
3. Beste Junior Birmingham Roller in Ras
4. 1st Reserwe Kampioen Junior op Skou
5. Beste Modeneser op Skou Senior afdeling
6. 6de Reserwe Kampioen Senior afdeling
7. Goue Donsie trofee



**Terugvoering SWD-  
Streek Opedag  
30/08/2024**

**Arthur Muller**



Hallo aan almal. SWD Sierduifklub het op saterdag 30 Augustus 2024, tesame met hul vergadering besluit om n ope dag vir die publiek te hou om bietjie ons duiwe rasse bekend te stel. Dit is een van ons strategieë om weer blootstelling te gee met die doel om lede te werf.

Daar is 70 duiwe uitgestal wat 25 rasse verteenwoordig. Ons het om dit bietjie meer interessant te



maak die besoekers gevra om die mooiste duif te kies en die eenaar van die mooiste duif het darem 'n lekker geskenk bewys gewen wat 'n lekker ontbyt vir 2 persone verteenwoordig het.

Dit was baie interessant gewees om dop te hou en te luister hoe mense oor die duiwe gesels veral Jakobyne, Kartelrue en hoender duiwe, 'n naam wat al jare aankom. Die Jakobyne was die mooiste



**President: Johan Nel**  
**Email: johan\_nel@bat.com**  
**Sel: 082 474 4088**

**Sekretaris: Dawie vd Heever**  
**E-mail: dawievdh@telkomsa.net**  
**Sel: 079 918 0433**

August 2024



duif volgens die publiek. Geluk Herman. Daar was omtrent 60 besoekers. Baie dankie aan Barons Palace Hotel wat die venue gratis aan ons bekend gestel het asook Karoo Pot restaurant vir die



geskenk bewys dit word waardeer. Dankie aan al die lede wat die vergadering bygewoon het en die saambring van die duiwe al is dit broeiseisoen. Die dag is afgesluit met 'n heerlike bring en braai

en wil ek dankie sê vir ons vrouens wat hul bydrae gedoen het rondom die lekkernye. Ek plaas 'n paar fotos van die geleentheid. Duiwe groete



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

## Uil & StrikduifKlub

*Spesialiteitsklub vir:*

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu  
en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

President : Shaun Smeda - 072 190 0345

Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496

leendert270@gmail.com

August 2024







**Noord - Vrystaat  
Jongduifskou: 31  
Augustus 2024 -  
Kroonstad Rasuit-  
slae**

**Ds Hennie Hattingh**

**Skou-Inligting**

201 duiwe  
41 rasse is geskou - Toekennings in 38 rasse

**15 vertoners:**

Noord-van-die-Vaal : 1  
Wes-Transvaal : 5  
Noord-Vrystaat : 9

**Senior Raswenners  
Ras**

Brunner Pouter  
Norwich Cropper  
Holle Cropper  
Pigmy Pouter  
Voorburg Shield Cropper  
King  
Gros Mondain  
Mookee  
Carrier  
Dragoon  
African Toy  
English Trumpeter  
Modena - Schiatti  
Vienna S/F Tumbler  
Portuguese Tumbler  
Italian Owl  
Chinese Owl  
Birmingham Roller  
SA Distance Roller  
German Beauty Homer

**Vertoner**

Marleen Esterhuizen  
Hendri Botha  
Estreux Boerdery  
Marleen Esterhuizen  
Marleen Esterhuizen  
Hein Hoffman  
Helene Roodt  
Helene Roodt  
Hennie Hattingh  
Derick de Gouveia  
Hein Hoffman  
Dries Cilliers  
Derick de Gouveia  
Estreux Boerdery  
Estreux Boerdery  
Estreux Boerdery  
Dries Cilliers  
Piet Odendaal  
Hannes Diedericks  
Hein Hoffman

**Beoordelaar**

Nardus Marais  
Awie Esterhuizen  
Hein Hoffman  
Bertie Wessels  
Renier Lee  
Nardus Marais  
Christo Nel  
Phillip Lee  
Bertie Wessels  
Renier Lee  
Hendri Botha  
Christo Nel  
Renier Lee  
Christo Nel  
Bertie Wessels  
Nardus Marais  
Hein Hoffman  
Renier Lee  
Renier Lee  
Christo Nel

***Suid-Afrikaanse Homer Klub***



*President: Christo Munnik  
e-mail: cora.christo@gmail.com  
Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Huidig;ik vakant*

*Augustus 2024*



Working Homer  
 American Giant Homer  
 American Show Racer  
 Polish Lynx  
 Lahore  
 Gimpel (With or Without...)  
 Strasser  
 Scandaroon  
 Old Dutch Capuchine  
 Modeneser  
 Dutch High Flyer  
 Danish Suabian  
 Stargard Shaker  
 Jacobin  
 Frillback  
 Indian Fantail  
 King ( Jnr )  
 Mookee ( Jn )

Dries Cilliers  
 Piet Odendaal  
 PB Marais  
 HP Lynx  
 Hendri Botha  
 Wesmar Boerdery  
 Hannes Diedericks  
 Helene Roodt  
 Hennie Hattingh  
 Hendri Botha  
 Piet Odendaal  
 Hannes Diedericks  
 Estreux Boerdery  
 Helene Roodt  
 Helene Roodt  
 Hannes Diedericks  
 Jaco Marais  
 Jaco Marais

Nardus Marais  
 Bertie Wessels  
 Hein Hoffman  
 Nardus Marais  
 Awie Esterhuizen  
 Renier Lee  
 Christo Nel  
 Hennie Hattingh  
 Bertie Wessels  
 Christo Nel  
 Renier Lee  
 Renier Lee  
 Christo Nel  
 Christo Nel  
 Marleen Esterhuizen  
 Nardus Marais  
 Hein Hoffman  
 Phillip Lee

## Hooftoekennings ( Hoofbeoordelaar : Ds Renier Lee )

### Top 2 Juniors

Kampioenduif op skou Mookee Jaco Marais

### Top 7 Seniors

Top-7 is aangewys. Omdat skou slegs 201 duiwe gehad het, is sertifikate wat tel as meriete vir Nasionale Kleure toegeken tot by 3'de Reserwe.

### Kampioenduif op Skou

1'e Reserwe	Sjinese Uil	Dries Cilliers
2'e Reserwe	King	Hein Hoffman
3'e Reserwe	Gros Mondain	Helene Roodt
4'e Reserwe	American Show Racer	PB Marais
5'e Reserwe	Dragoon	Derick de Gouveia
6'e Reserwe	Mookee ( Jnr )	Jaco Marais
	Jakobyn	Helene Roodt

## Harry Munnik



*Teel met  
 Birmingham Roller  
 Holle Cropper  
 Dutch Highflyer  
 Gros Mondain  
 Working Homer  
 Sel: 072 600 6919*



*e-mail: munnikharry5@gmail.com*

November 2023



*The Fancy Pigeon*

*Die Sierduif*




*The Fancy Pigeon*

*Die Sierduif*



## SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub



**President: Bertie Wessels**  
e-mail: [bertie\\_wessels@hotmail.com](mailto:bertie_wessels@hotmail.com)  
Sel: 083 733 4191

**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**  
e-mail: [hennihattingh703@gmail.com](mailto:hennihattingh703@gmail.com)  
Sel: 082 923 3910

**Prestigeskou Augustus 2024**

**3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad**





## **Brief vanaf SWD**

**Mario Kapp**

Beste duiwe vriende,

Jare gelede toe ek nog op skool was, het ek nie eers geweet van sierduiwe se bestaan nie. Ek het 'n meisie ontmoet (vandag my vrou) en haar pa was 'n groot Mookee man. Ek wou natuurlik beïndruk en het gou agterkom duiwebakke skrop, duiwehokke skoonmaak is die pad na skoonpa se hart. Normaalweg loop 'n man se pad na sy hart mos deur sy maag, maar hierdie is mos maar 'n ander tipe liefde.

Na baie Saterdag in en om die duiwehok, het die gogga my ook gebyt. Ek het 'n paar sierduiwe aangeskaf en het my matriek eksamen leerwerk alles in die hok voltooi. Vandag het ek Mookees, Sjinese uile, Holle Kroppers en het ook onlangs Fantails aangeskaf. My twee kinders is baie opgewonde hierdie tyd van die jaar oor al die kuikens, ek stel hulle van vroeg af bloot met die hoop dat die liefde ook by hulle gekweek kan word.

Vroeër jare het die SWD streek lekker saam gekuier en dit was hartseer dat die klub so bietjie dood geloop het. Vandag is ek trots om te kan sê die SWD klub is ook hier! Ons het al twee keer vergadering gehad hierdie jaar, hokkies begin bou, ons kuier gereeld saam - alles as gevolg van die liefde van die sport!

Op 31 Augustus het ons, ons eerste duiwe dag gehou. Heelwat van ons lede het die dag bygewoon en daar was ongeveer 80 duiwe vir die publiek om te besigtig! Ons probeer hard om nuwe lede asook jongelinge te lok om by hierdie sport aan te sluit sodat ons die voortbestaan van ons klub en die sport kan verseker!

Ek as vise-president van die die SWD Streek noui julle uit om nou al ons 2025 skou in gedagte te hou. Dit belooft om 'n lekker skou te wees, soos SWD skoue nog altyd voor bekend was.

Duiwe groete,  
Mario Kapp



## *Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub*



*President: Christo Munnik*  
*e-mail: cora.christo@gmail.com*  
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Huidiglik vakant*

*Augustus 2024*





## **Lihan Geldenhuys vlieg hoog.....**

**Nicolene Geldenhuys**

Lihan Geldenhuys, 10 jarige inwoner van Riebeeck-Kasteel en junior lid van die Wes-Kaap Sierduifklub het tydens die Junie skoolvakansie deelgeneem aan die SASV se Kampioenskapskou met sy sierduiwe wat in Bloemfontein gehou was. Al 4 van Lihan se rasse het die top 7 gehaal en hy het geëindig met 'n algehele 7de en 1st plek. Hy het dus die kampioen duif vertoon in die Junior klas. Wat die geleentheid besonders gemaak het, is dat hy aan die nodige kriteria voldoen het en tydens die prysuitdeling sy Nasionale erekleure (groen badjie) ook ontvang het.

Lihan het al van 2 jarige ouderdom baie tyd saam met sy oupa in die duiwehokke spandeer, wat ook self 'n kranige duiweboer is. Dus is daar al vroeg 'n liefde vir die sport by hom gekweek. Lihan se passie en entoesiasme vir sy duiwe is aansteeklik. Sy liefde vir sy duiwe kan die beste gesien word waar hy by die huis tussen sy duiwe in die hokke is en kan duif wys en gesels met enige iemand wat 'n gewillige oor het. Hy het egter eers 3 jaar gelede sy eie duiwe begin teel met sy oupa as mentor en toe ook aan skoue begin deelneem. Vanweë sy leergierige geaardheid het hy gou baie kennis van sy duiwe opgedoen.

Lihan het tans 4 rasse waarmee hy skou : Old German Owls, Mookees, American Showracers en Working Homers

Om aan 'n skou deel te neem is die hoogtepunt in sy kalender. Lihan is ook van kleins af al 'n bekende gesig in die skousale.



**Gerhard van Aswegen saam met Lihan Geldenhuys en oupa Jannie vd Heever**



**Die Sierduif**

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R280 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R70 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
  2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
  3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
  4. Streeknuus verdien 200 punte.
  5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
  6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
  7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
  8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
  9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

1. Northern Freestate: 1602

### Manie Fourie Trophy

1. North-of-the-Vaal: 1452
2. South Western Districts: 920
3. Western Transvaal: 902
4. Northern Cape: 800
5. Eastern Province: 738
6. Western Cape: 300
7. Freestate: 0
8. KwaZulu-Natal: 0
9. Eastern Region: 0

### Bertie Wessels Trophy

1. North-of-the-Vaal: 0
2. Freestate: 0
3. Northern Freestate: 0
4. Northern Cape: 0
5. Western Transvaal: 0
6. Western Cape: 0
7. KwaZulu-Natal: 0
8. South Western Districts: 0
9. Eastern Region: 0
10. Eastern Province: 0